# CHRISTO WOLFAARDT (INFORMEEL)

**Datum:** 19 Junie 2010
**Plek:** Pretoria
**Vraagsteller 1 (V1):** Lize-Marie van der Watt | Departement Geskiedenis, Stellenbosch Universiteit
**Vraagsteller 2 (V2):** Dora Scott | Antarktiese Erfenisprojek | C·I·B | Stellenbosch Universiteit
**Antwoordsteller (A):** Mnr Christo Wolfaardt |Weerkundige | Marion 18 & 21; SANAE 7 | 1961; 1966

**A:** Dit was ek dink met die eerste sneeu. Toe't ons 'n sneeubok gebou.

**V1:** Wat 'n oulike foto!

**A:** Ja, uit die aard van die saak dis nie 'n sneeuman nie.

**V1:** Nee!

**A:** O, dis ook daai van daai outjie daar tussen die *kelp*, die seewier, rondsoek vir seediertjies of dingetjies.

**V1:** Jis, kyk nou net daar!

**A:** O nee, hierdie een het sommer nou tussenin gekom. Dis op SANAE, met die honde, die huskies.

**V1:** Sal u nog steeds belang in fotografie?

**A:** Ja, maar nou tot 'n mindere mate. Alles is mos nou digitaal deesdae, jy weet. ... Hierdie is nou weer SANAE. Dis nou in die kombuis; dit was na ... Dis nou die ou *skivvy* wat moet skoonmaak die volgende dag, na die party. Ek dink dit was met die Midwinterfees.

**V1:** Arme, arme *skivvy* na die fees!

**A:** Ja. ... Dis ook maar net van die basis, baie. Maar natuurlik, ek dink as julle van die goed gebruik, dan sal julle seker net eers een ou se goed deurwerk, dat dit ie deurmekaar raak nie met allerhande ander dinge nie.

**V1:** Nee, dit word baie apart gehou.

**V2:** Nee, ons is baie ... Mens wil glad nou nie fit doen nie, so ... En in die databasis self is dit vir ons ook baie belangrik om herkenning te gee aan wie die goed behoort, sodat daar nie misverstande is later oor so iets nie.

**A:** Ja. ... En van die goed, mens kan nie altyd mooi sien wat dit is nie ... Byvoorbeeld daai ene, dit is toe Gentoo Lake 'n bietjie opge-ys het. Daar's die ou weer wat swem; jy sien net sy kop wat uitsteek. En natuurlik die eiland onder ys en sneeu. Maar in elk geval ...

**V1:** Kyk daai ou Ackerman's, Pick 'n Pay-sakke ... "Hipermarket in die hoofstad" ... ! Met die Voortrekkermonument!

**V2:** Wat gelukkig is van hierdie goed, hulle het altyd in die donker gelê. Ek dink dit is ...

**V1:** Dit is baie goed, ja.

**V2:** Behou hulle darem bietjie.

**V1:** Dat julle in die donker was en droog.

**A:** Ja, maar van daai goeters is nie lekker nie. Ek dink nie julle kan die 8-mm films gebruik nie.

**V2:** Wel ons het iemand wat dit vir ons oorsit op DVD, en dan sal ons natuurlik vir julle ook ‘n digitale kopie gee.

**A:** Want ek sal vir jou sê ...

**V1:** Weet u wat daarop is, of nie?

**V2:** Lyk vir my hy’s bietjie skrikkerig oor dáái goed! Ons sal dit in elk geval oorsit en dan kan julle dit maar eers oorkyk voordat ... Dit kan in elk geval nie skadelik wees nie – daar was net mans!

**A:** Ja, ek weet daar was net mans. Maar mans kan partykeer rond kaalhardloop en ...

**V2:** Nee wat, ek het hulle almal gesien.

**A:** *Family*. Ek sit maar hierdie in dat hulle nie rondval nie; teen mekaar val nie. ... O nee, dit is sommer privaat ... dis een van my eerste karre.

**V2:** Ek was nou die dag by ‘n winkel waar ek gevra het of hulle hierdie vir my op ‘n DVD kan sit, toe’t hulle gesê ja, so ek

**A:** So, nou ja. Wil julle hierdie twee ook saam hê?

**V2:** Asseblief. Hulle is bitter waardevol vir ons projek. En ons wil ook graag ‘n kopie daarvan maak om op die basis te sit, omdat daar van die fotos’ is wat weg is.

**V1:** Ons wil nou vir die nuwe ...

**V2:** O, dis ook kopieë die.

**A:** Ja, hy is ‘n bietjie swart. Ek gaan dit nou só insit.

**V2:** Ja wat, ons sal mos nou weet ...

**V1:** Ek dink hierdie enetjie ook, as dit in orde is.

**A:** Dankie. Soos ek sê, van die goeters is by die Duitse basis ... Ek het dit nou nie alles *uitgesort* nie. ... O, hier’s op die skip.

**?:** Ons het al baie in die jare gepraat ... Sit dit op DVD; praat daarby. Maar ons het nog nooit sover gekom nie. Mens het dit in jou kop, maar jy doen dit nie werklik nie, jy weet. Dis eintlik jammer.

**V1:** Dit is.

**V2:** Daar’s so baie van die goed wat eintlik al verlore gegaan het. Ons is altyd so dankbaar as ons ...

**V1:** Is daai van die kar van die renbaan op Marion?

**A:** Ja. Nee, daai een is toevallig, toe ek my eerste kar gekoop het toe ek van Marion afgekom het, en hy was vir my nogal ...

**?:** Nogal baie werd.

**A:** Baie special.

**V1:** Ja, baie spesiaal.

**A:** Maar ek het een van my vriende afgeneem by hom.

**V1:** Wat? So rooie, lyk dit vir my.

**A:** Dis ‘n rooi kar.

**V2:** Weet jy, ja nogals!

**?:** Ja, hoor jy.

**V1:** Is dit Evert Scholtz wat hier op is?

**A:** Evert Scholtz, ja. Ja, ek en hy het saam geloseer daar in Lobilo, in Durban.

**V1:** O. Ons wil nog met hom ook gaan gesels.

**A:** Toe’t ek ... Ja, hy woon hier in Garsfontein.

**V2:** O, is dit?

**V1:** Dalk is hy vanmiddag daar, dan kan ons hom miskien sien.

**?:** Wat van Steve ... Sal hy nie ook ... ?

**V1:** Ja, Steve – sal hy bereid wees om met ons te praat?

**A:** Ek dink so.

***

**A:** Ja, oukei. Johan Botma sal julle vanmiddag sien – die ou met die wit hare en die wit baard.

**V2:** Dan weet ons hoe hy lyk!

**A:** Hy was ook by die Britse Antarktiese basis.

**V1:** Ja, by Halley Bay.

**A:** Ja.

**V1:** Ek het so gehoor, want dit is een van die baie onbekende feite, dat hy by Halley was en dat Suid-Afrika toe al reeds ‘n weerkundige gehad het wat soontoe is.

**A:** Ja. Hy en ... Ek dink dit was twee ouens gewees van die Weerburo. Die ander ou is iewers in die Kaap. Ek kan nou nie sy naam onthou nie, maar hy’t nog kontak met daai ou ook. Ek dink dit was in ’57 wat hy daar was. En hy was ook net daarna, in daai middel-vyftigerjare, was hy op Marion vir 18 maande, of 2 jaar?

**V1:** Ja, amper. Ja.

**A:** So hy sal baie staaltjies hê.

**V1:** Nee, dit sal baie lekker wees om met hom te praat.

**A:** Ja, op hierdie foto's het ek ook van ... daar onder op Marion, as jy by daai trapleer opgaan, daar by die grot waar die ouens eers in gebly het, die heel eerste ouens ...

**V2:** Hannes ... Is dit Le Grange Villa?

**A:** ... het hulle natuurlik eers daarso ... Nou's dit net die pikkewyne.

**V1:** Nou bly daar verskriklik baie robbe. Dis soos ... Jy wil nie daar ingaan nie! Dit lyk nie baie lekker om daar in te gaan nie.